education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2006

**GESKIEDENIS V2 : ALGEMENE GESKIEDENIS**

**STANDAARDGRAAD**

**FEBRUARIE/MAART 2006**

**503-2/2 A**

**Punte: 150**

**2½ Ure**

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 'n ADDENDUM van 18 bladsye.**

GESKIEDENIS SG: Vraestel 2
Vraestel & Addendum

503 2 2A SG

X05

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

**INSTRUKSIES AAN KANDIDATE**

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat besluit word watter vrae beantwoord gaan word:

1. Die vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A bestaan uit SES (6) opstelvrae.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE (3) brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat gebruik gaan word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM.

4. MOENIE TWEE (2) opstelvrae uit dieselfde tema beantwoord NIE.

5. Jy word toegelaat om EEN (1) opstelvraag en EEN (1) brongebaseerde vraag van dieselfde tema te beantwoord.

6. Beantwoord DRIE (3) vrae.

   6.1 Minstens EEN (1) moet 'n opstelvraag wees en minstens EEN (1) moet 'n brongebaseerde vraag wees.

   **6.2 JY MOET MINSTENS EEN (1) VRAAG UIT DIE VERPLIGTE TEMA BEANTWOORD: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU (ÓF 'N OPSTEL-VRAAG ÓF 'N BRONGEBASEERDE VRAAG).**

7. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer wees.

8. Skryf duidelik en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN (1) vraag en nie meer as TWEE (2) vrae uit hierdie afdeling nie.

### VRAAG 1: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU

Beantwoord óf VRAAG 1A óf VRAAG 1B. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

**VRAAG 1A**

Beskryf die rol van Afrika-nasionalisme as 'n belangrike faktor in die proses van dekolonisasie in Afrika. **[50]**

**OF**

**VRAAG 1B**

Bespreek die politieke, ekonomiese en maatskaplike uitdagings wat die Afrika-state na onafhanklikheid in die gesig gestaar het. **[50]**

### VRAAG 2: DIE OPKOMS VAN SOWJET-RUSLAND

Beantwoord óf VRAAG 2A óf VRAAG 2B. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

**VRAAG 2A**

Verduidelik die omstandighede wat Lenin gedwing het om van Oorlogskommunisme na sy Nuwe Ekonomiese Beleid in Rusland gedurende 1917 tot 1924 te verander. **[50]**

**OF**

**VRAAG 2B**

Verduidelik hoe Stalin daartoe in staat was om Rusland van 'n agrariese (landbou) na 'n hoogs geïndustrialiseerde staat in die jare 1928 tot 1939 te omvorm. **[50]**

### VRAAG 3: DIE OPKOMS VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

Beantwoord óf VRAAG 3A óf VRAAG 3B. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

**VRAAG 3A**

Bespreek die oorsake en gevolge van die Wall Street ineenstorting in die Verenigde State van Amerika in 1929. **[50]**

**OF**

**VRAAG 3B**

Beskryf hoe Roosevelt se Nuwe Bedeling die Verenigde State van Amerika gered het van die uitwerking van die Groot Depressie. **[50]**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING B: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN (1) vraag uit hierdie afdeling. Bronmateriaal vir die beantwoording van hierdie vrae is in 'n ADDENDUM.

## VRAAG 4: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU

### 4.1 WAT WAS DIE OMSTANDIGHEDE WAT TOT DIE VORMING VAN DIE ORGANISASIE VAN AFRIKA-EENHEID (OAE) GELEI HET?

Gebruik Bronne 4A en 4B om die volgende vrae te beantwoord:

4.1.1 Verwys na Bron 4A:

a) Verduidelik hoekom die historikus, Bakpetu Thompson, die eerste konferensie te Akkra as histories beskou het. (2 x 2)

b) Wat was die prestasies van die tweede konferensie wat in Akkra in Desember 1958 gehou is? (3 x 2)

4.1.2 Gebruik Bron 4B:

a) Wat was die doel van die Casablanca- en Monrovia-groep? (1 x 2)

b) Waarom is die Brazzaville-groep nie as 'n belangrike rolspeler in die stigting van die OAE beskou nie? (1 x 2)

4.1.3 Verwys na Bronne 4A en 4B. Watter ooreenstemmende boodskap dra hierdie bronne oor? (1 x 3)
**(17)**

### 4.2 HOE SUKSESVOL WAS DIE ORGANISASIE VAN AFRIKA-EENHEID (OAE) IN DIE BEREIKING VAN SY DOELSTELLINGS?

Bestudeer Bronne 4C, 4D, 4E, 4F en 4G om die volgende vrae te beantwoord:

4.2.1 Gebruik Bron 4C:

a) Maak 'n lys van DRIE suksesse wat deur die OAE behaal is. (3 x 1)

b) Verduidelik waarom die OAE mislukkings ervaar het. (4 x 1)

4.2.2 Verwys na Bron 4D. Op watter manier was die OAE suksesvol om oorlog tussen Morokko en Algerië te voorkom? (2 x 2)

4.2.3 Wat, volgens dr. Nkrumah in Bron 4E, behoort die betekenis van 'Afrika-eenheid' te wees? (1 x 3)

4.2.4 Verwys na Bronne 4F en 4G. Verduidelik hoe hierdie bronne die gedagte dat die OAE nie suksesvol was nie, ondersteun. (2 x 3)

4.2.5 Bestudeer Bron 4G. Hoekom was die OAE nie in 'n posisie om die lewenstandaard van die armste lande te verbeter nie? (1 x 3)

4.2.6 Gebruik al die bronne en jou eie kennis om 'n paragraaf van ongeveer 12 reëls te skryf om die suksesse en mislukkings van die OAE te verduidelik. (10)

**(33)**

**[50]**

## VRAAG 5: OMSTANDIGHEDE WAT TOT DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG GELEI HET

### 5.1 HOE IS JODE ONDER DIE NAZI-REGERING INGEPERK?

Bestudeer Bronne 5A en 5B om die volgende vrae te beantwoord:

5.1.1 Verwys na Bron 5A. Watter groep mense het Hitler as sy grootste vyand beskou? (1)

5.1.2 Deur na Bron 5A te verwys, verduidelik waarom enige verhouding tussen die Duitsers en die Jode verbode was. (2 x 2)

5.1.3 Gebruik Bron 5A. Hoe is lewensomstandighede vir die Jode na die November 1938-gebeurtenis nog slegter gemaak? (2 x 2)

5.1.4 Watter bewyse is daar in Bron 5A wat daarop dui dat Hitler nie Jode in enige land wat hy beheer het, wou laat woon nie? (3 x 1)

5.1.5 Deur na Bron 5B te verwys, waarom dink jy is Jode gedwing om 'n 'Geel Ster' te dra? (1 x 2)

5.1.6 Gebruik Bronne 5A en 5B om 'n paragraaf van ongeveer 14 reëls te skryf om te verduidelik hoe Jode onder die Nazi-beheer gedurende die tydperk 1938 tot 1942 beperk is. (12)

**(26)**

### 5.2 WAT WAS DIE STRUIKELBLOKKE WAT DIE JODE IN DIE WARSCHAU-GHETTO IN DIE GESIG GESTAAR HET?

Bestudeer Bronne 5C, 5D en 5E om die volgende vrae te beantwoord:

5.2.1 Verwys na Bron 5C:

(a) Verduidelik hoe die Jode onderskei is van die Duitsers. (1)

(b) Wat was die doel met die identifisering van die Jode op hierdie wyse? (1 x 2)

(c) Wat vertel die reël 'Die vullisverwyderaars het die meeste van hierdie lyke opgelaai', jou omtrent die Nazi-houding teenoor die Jode? (1 x 2)

5.2.2 Verduidelik die verwysing wat na die 'Dawidster' gemaak word deur Bron 5C te gebruik. (1 x 2)

5.2.3 Verwys na Bron 5D. Verduidelik waarom kinders 'kossmokkelaars' geword het. (1 x 2)

5.2.4 Verwys na Bronne 5C and 5D:

(a) Wat was die redes vir die hoë sterftesyfer van die Jode in die Warschau-ghetto? (2 x 2)

(b) Op watter manier is Bron 5C dieselfde as Bron 5D? (2 x 2)

5.2.5 Beskryf die lyding wat die Jode in die Warschau-ghetto ervaar het deur Bronne 5C, 5D en 5E te gebruik.

VRAAG 5.2.5 sal geassesseer word met behulp van kriteria wat in 'n matriks georganiseer is. (7)

**(24)**
**[50]**

**VRAAG 6: INTERNASIONALE VERHOUDINGE EN GEBEURTENISSE 1945 - 1970: DIE KOUE OORLOG**

**6.1 HOE HET DIE BOU VAN DIE BERLYNSE MUUR DIE MENSE VAN BERLYN BEÏNVLOED?**

Bestudeer Bronne 6A, 6B, 6C, 6D, 6E, 6F en 6G om die volgende vrae te beantwoord:

6.1.1 Bestudeer Bronne 6A, 6D (Foto's A & B) en 6E. Maak 'n lys van SES probleme wat Oos-Berlyners sou ondervind het as hulle sou probeer om die muur oor te steek. (6 x 1)

6.1.2 Verwys na Bronne 6A en 6B:

(a) Wie het opdrag gegee dat die muur gebou word? (2 x 1)

(b) Hoekom het Oos-Duitsland die bou van die muur as noodsaaklik beskou? (2 x 2)

(c) Hoe het mense na die oprigting van die muur probeer ontsnap? (2 x 1)

(d) Verduidelik of die mense suksesvol was in hulle pogings om te ontsnap. (2 x 2)

6.1.3 Gebruik Bron 6C:

(a) Verduidelik wat President Kennedy bedoel het met 'Berlyn is 'n eiland in 'n Kommunistiese see'. (2 x 1)

(b) Verduidelik of jy saamstem met die stelling: 'Demokrasie is nie perfek nie ... maar ons hoef nog nooit mure te gebou het om ons mense binne te hou nie.' (2 x 2)

6.1.4 Bestudeer Bron 6D (Foto's A & B). Verduidelik jou gevoel indien jy óf as 'n soldaat óf as 'n bouer in so 'n situasie gewerk het. (6)

6.1.5 Gebruik Bron 6F. Wat vertel hierdie grafiek jou omtrent die mense wat uit Oos-Duitsland na Wes-Duitsland vanaf 1949 tot 1961 oorgeloop het? (2 x 2)

6.1.6 Verwys na Bron 6F. Hoekom was daar 'n afname in die aantal mense wat uit Oos-Duitsland na 1961 ontsnap het? (2 x 2)

6.1.7 Gebruik al die bronne en jou eie kennis om 'n paragraaf van omtrent 14 reëls te skryf oor hoe die bou van die Berlynse Muur die mense van Berlyn geraak het. (12)
**[50]**

**TOTAAL: 150**

*Kopiereg voorbehou*

# GESKIEDENIS V2 : ALGEMENE GESKIEDENIS

## ADDENDUM

## STANDAARDGRAAD

## FEBRUARIE/MAART 2006

## 503-2/2 A

## VRAAG 4: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU

### 4.1 WAT WAS DIE OMSTANDIGHEDE WAT TOT DIE VORMING VAN DIE ORGANISASIE VAN AFRIKA-EENHEID (OAE) GELEI HET?

**BRON 4A**

Dit is 'n uittreksel uit *Modern Africa – A Social and Political History*, 1983, wat verduidelik hoe die sameroeping van konferensies uiteindelik tot die stigting van die OAE gelei het.

Hierdie konferensies het in 1958 onder die leierskap van Kwame Nkrumah en onafhanklike Ghana begin. Hulle het twee doelstellings gehad: om die anti-koloniale stryd in elke deel van die vasteland te ondersteun en om die idees oor Pan-Afrikaanse eenheid te versterk.

Die eerste konferensie wat deur Nkrumah georganiseer is, was 'n vergadering in Akkra, in 1958, tussen die agt state wat toe onafhanklik was: Egipte (Verenigde Arabiese Republiek: VAR), Ethiopië, Ghana, Liberië, Libië, Morokko, Soedan, Tunisië. 'Vir die eerste keer in die moderne wêreld,' het die Pan-Afrikanistiese historikus, V Bakpetu Thompson, in sy boek *Africa and Unity* geskryf, 'het leiers van onafhanklike Afrika-state ontmoet om gemeenskaplike probleme te bespreek, om gemeenskaplike beleid rakende politieke, ekonomiese, kulturele en maatskaplike sake op te stel.'

'n Tweede Akkra-konferensie het in Desember 1958 gevolg. Dit was 'n vergadering nie van regerings nie, maar van nasionalistiese partye. Afgevaardigdes het van alle dele van Afrika gekom, óf hulle onafhanklik was óf nie, behalwe van Frans-Afrika en Noord-Nigerië. 'n All-African People's Organisation (AAPO) is met sy hoofkwartier in Akkra gestig. Dit het na algehele Afrika-bevryding en stappe tot 'n uiteindelike Gemenebes van Vry Afrika-state gestreef. Anti-koloniaal en anti-rassisties, was die AAPO 'n kanaal waardeur die ou idees van Pan-Afrika eenheid in nuwe vorme en met nuwe krag kon ontwikkel.

Ander AAPO-konferensies is in Tunisië in 1960 en in Kaïro in 1961 gehou. 'n All-African Trade Union Organisation is gestig.

**BRON 4B**

Dit is 'n uittreksel uit *Modern Africa – A Social and Political History*, 1983, wat die lig laat val op die vorming van die verskillende groeperings wat uiteindelik tot die stigting van die OAE gelei het.

Verskillende groeperings het plaasgevind. Een was die Cassablanca Groep wat in Januarie 1961 deur die staatshoofde van Egipte, Ghana, Guinee, Mali en Morokko gestig is, saam met die verteenwoordigers uit Libië en die voorlopige onafhanklike regering van Algerië (wat eers in 1962 onafhanklik sou wees). Hulle wou algemene aksie aanspoor om die patriotiese nasionaliste in die Kongo (Zaire) te help teen wegbreek-afskeidings soos dié van Tshombe in Katanga (Shaba-provinsie). Hulle wou snelle vooruitgang na 'n organisasie vir eenheid van die hele Afrika hê.

'n Tweede groepering wat bekend gestaan het as die Monrovia Groep, is in Mei 1961 by 'n vergadering van die leiers van Liberië, Nigerië en Togo gestig.

Hulle was meer konserwatief en was onseker oor 'n vinnige optrede vir vryheid. 'n Derde groepering, die Brazzaville Groep, het by hulle aangesluit. Hierdie groep het bestaan uit verteenwoordigers van die eertydse Franse kolonies wat steeds onder sterk Franse invloed en indirekte beheer was. Oor die algemeen sou die Brazzaville Groep nie meer doen as om net te praat van totale Afrika-eenheid nie.

Hoewel hulle verdeel is deur verskille in opinies, leierskap en persoonlikheid, was die twee groot groepe, naamlik dié van Cassablanca en Monrovia, albei ten gunste daarvan om vir eenheid te werk, terwyl die derde groep, dié van Brazzaville, te swak was om hulle te stuit. 'n Kompromie was moontlik. Uit hierdie kompromie het Organisasie vir Afrika-Eenheid (OAE) na vore getree, 'n groot sukses in die moderne geskiedenis van Afrika.

## 4.2 HOE SUKSESVOL WAS DIE ORGANISASIE VAN AFRIKA-EENHEID (OAE) IN DIE BEREIKING VAN SY DOELSTELLINGS?

### BRON 4C

Dit is 'n uittreksel uit *Government and Politics* deur W Tordoff, 1984. Hy evalueer die prestasies van die OAE.

> Sedert sy ontstaan, het die OAE 'n aantal beskeie suksesse behaal: dit het 'n ontmoetingsterrein vir Afrika-leiers verskaf en op 'n losse basis substreeksorganisasies en VN-agentskappe geborg, soos die Ekonomiese Kommissie vir Afrika (EKA); dit het ook in 'n mate 'n aantal lande probeer gehelp om die koloniale juk af te gooi. Daar was egter ook beduidende mislukkings en talle probleme, waarvan sommige te wyte was aan die Organisasie se lomp struktuur (wat teen vinnige besluitneming ingewerk het), sy wankelrige finansiële basis, die gebrek aan 'n vloedgolf gewilde ondersteuning, en sy geneigdheid om ekonomiese planne te beraam sonder enige realistiese vooruitsig om dit uit te voer. Die OAE het ook onder 'n oormaat politiek gely, soos gedemonstreer is deur die sterk wedywering in die sekretaris-generaal-verkiesings by die spitsberaad wat in Junie 1983 en November 1984 gehou is.

### BRON 4D

Dit is 'n uittreksel uit *Modern Africa – A Social and Political History*, 1983, wat die sukses van die OAE beklemtoon.

> Die nuwe state wat in die OAE bymekaar gekom het, moes 'n paar van die grensgeskille geërf het. Die meeste hiervan is suksesvol deur OAE-diplomasie geskik.
>
> 'n Klein oorloggie het in Oktober 1963 tussen Marokko en Algerië uitgebreek. Dit was as gevolg van 'n grensgebied van Algerië wat deur Marokko geëis is. Deur as bemiddelaar op te tree, het die OAE daarin geslaag om 'n wapenstilstand teweeg te bring, en, in Februarie 1964, 'n vredesooreenkoms. Elke kant het iets daarby gebaat en het ingestem om saam te werk aan die ekonomiese ontwikkeling van mineraalneerslae by Tindouf in Algerië, maar dit het nie daarin geslaag om Marokko tevrede te stel nie. OAE-vredespogings moes voortduur. Dit is in Mei 1970 deur 'n nuwe ooreenkoms met sukses bekroon. Ander geskille van hierdie aard is geskik; en die OAE het homself as 'n waardevolle instrument tot vrede bewys.

**BRON 4E**

Dit is 'n uittreksel uit *Emergent African States* deur SA Akintoye, 1976, wat op die redes hoekom die OAE beperkte sukses behaal het, fokus.

> Die prestasies van die OAE was so beskeie omdat die hele Pan-Afrika-beweging swaargekry het onder verskeie hindernisse. Eerstens, baie min van die Afrika-lande was gewillig om 'n beduidende deel van hul nuutgewonne soewereiniteit ter wille van die droom van Afrika-eenheid prys te gee. Gevolglik, al het alle Afrika-leiers verklaar dat 'Afrika-eenheid' die doel van Pan-Afrikanisme was, was daar 'n skerp meningsverskil oor die betekenis van die woord. Sommige, soos dr. Nkrumah, het in die vroeë 1960's gepleit dat Afrika-eenheid die politieke unifikasie van Afrika in een staat moes beteken – Verenigde State van Afrika. Die oorgrote meerderheid van die Afrika-leiers het egter volgehou dat Afrikane die bestaande Afrika-lande moes aanvaar soos hulle was; en dat Afrika-eenheid slegs samewerking tussen hierdie lande behoort te beteken.

**BRON 4F**

Dit is 'n uittreksel uit *Emergent African States* deur SA Akintoye, 1976, wat die redes waarom die OAE onsuksesvol was, uitlig.

> Verskille in nasionale benaderings tot probleme was geneig om die OAE op verskillende tye ondoeltreffend te maak. Dit is hoekom, byvoorbeeld, die OAE nie so effektief was soos dit kon wees om die vryheidstryde in Suider-Afrika te help nie. Bowendien is die OAE dikwels deur geskille onder sy lede as gevolg van botsende nasionale belange geruk - geskille tussen Kenia en Somalië, tussen Marokko en Mauritanië, tussen Zaïre en die Republiek van die Kongo, tussen Ethiopië en Somalië, tussen Tanzanië en Uganda. Nie net het sulke geskille die eenheid van die OAE verswak nie; pogings om hulle te besleg het baie van sy energie geverg.

**BRON 4G**

Dit is 'n uittreksel uit 'n artikel van die British Broadcasting Corporation (BBC) omtrent die geskiedenis van die OAE, 1999.

Die OAE is ook gekritiseer omdat hy te min of niks gedoen het om die lewenstandaard van die wêreld se armste kontinent te verbeter nie. Maar soos enige internasionale instelling kan hy net so sterk wees as wat sy lidstate hom toelaat.

Hulle wat daardie state regeer, het jaloers teen inmenging van buite, wat hul oorheersing bedreig, gewaak.

Gevolglik kon die OAE slegs 'n baie beperkte rol speel om Afrika se vele politieke konflikte te beëindig, of selfs te help om Afrika-ekonomieë te integreer.

## VRAAG 5 OMSTANDIGHEDE WAT TOT DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG GELEI HET

### 5.1 HOE IS JODE ONDER DIE NAZI-REGERING INGEPERK?

**BRON 5A**

'n Uittreksel uit die beperkings wat op die Jode afgedwing is

Een groep mense is selfs slegter as Pole of Russe behandel. Hulle was die Jode. In *Mein Kampf,* het Hitler gesê dat die mense 'n enkele vyand nodig het. Hy het die Jode gekies. Van die begin af is die Duitsers aangemoedig om hulle te haat.

Die Nazi's het lank voor die oorlog die lewe vir Duitse Jode moeilik gemaak. Boonop het die SS klante verhoed om by Joodse winkels in te gaan. Jode wat met nie-Joodse meisies uitgegaan het, is konsentrasiekampe toe gestuur.

Die lewe het erger geraak in November 1938 nadat 'n Jood 'n Duitse amptenaar in Parys doodgeskiet het. Die Nazi's het teruggeslaan: Duitse Jode is beboet; hulle kinders is nie toegelaat om skool toe te gaan nie. Die SS het twee aande van geweld teen Joodse winkels en sinagoges gereël. Hulle het dit 'Kristalnag' genoem, omdat daar so baie gebreekte glas was.

Tydens die oorlog het die Jode wat in Europa gewoon het, dieselfde moeilikhede ervaar as dié in Duitsland. En nuwe wette, wat hulle lewe selfs moeiliker gemaak het, is gemaak.

Selfs die Jode se rantsoene was anders: sommige voedselsoorte, soos kersies en koffie, was vir Jode verbode. In die somer van 1941 het 'n gawe besoeker vir een Jodin 'n bietjie koffie aangebied. Die ou dame het 'nee' gesê. Sy was bang dat haar bure dit sou ruik en die polisie sou sê.

Hitler wou nie hê daar moes Jode in enige van die lande wat hy beheer, woon nie. In Pole alleen, was daar 3 miljoen van hulle. Party is gebruik as slawe-arbeid. As hulle nie langer kon werk nie, is hulle gedwing om hulle eie grafte te grawe en is dan daarna geskiet. Die oorblywendes is bymekaar gebring en geforseer om in die ghetto's te woon.

## BRON 5B

Hierdie prente is visuele voorstellings wat die beperkings wat in die tydperk 1939 -1942 op die Duitse Jode geplaas is, aandui.



## 5.2 WAT WAS DIE STRUIKELBLOKKE WAT DIE JODE IN DIE WARSCHAU-GHETTO IN DIE GESIG GESTAAR HET?

### BRON 5C

Dit is 'n weergawe deur Liliana Zuker-Bujanowska, 'n Jodin, wat in die Warschau-ghetto gewoon het. In 1946 het sy daaroor geskryf.

Elke dag is nuwe wette aangekondig. Een van die ergstes was dat alle Jode, tien jaar en ouer, 'n wit band met 'n blou Dawidster daarop om hul linkerboarm moes dra. Na 'n paar dae het hulle dit na alle Jode uitgebrei. Selfs babas in stootwaentjies moes armbande dra. Die straf as dit nie gedra is nie, was die konsentrasiekamp of die dood.

Toe het die hel begin! Die Duitsers het, soos hulle dit genoem het, 'klopjagte vir die bande' uitgevoer. Hulle het in die strate rondgeloop met groot rubberstokke en enigiemand geslaan – net soos hulle wou, solank as wat hulle die wit band gedra het. Hulle was nou seker wie hulle moes slaan. Bendes jeugdiges het in die strate gehardloop en klippe deur die vensters van winkels gegooi wat aan Jode behoort het. Die Duitsers het jongmense van die straat af uitgesoek en hulle gestuur om in kampe in Duitsland te gaan werk.

(Winter 1940-41): Twee keer 'n dag het elke persoon 'n bakkie waterige sop en 300 gram swartbrood gekry. [Die] huise was broeiplekke vir ingewandskoors en ander siektes. Mense het so swak geword dat hulle sommer net op die sypaadjies gaan lê het en van honger en koue omgekom het. Daar was lyke; soms met papier toegemaak, partykeer half-nakend – iemand het reeds van hulle kledingstukke gesteel. Daar was geen lykshuis nie. Die vullisverwyderaars het die meeste van hierdie lyke opgelaai.

## BRON 5D


Dit is Ella Blumenthal, 'n Jodin, wat tydens die opstand in die Warschau- ghetto gewoon het, se weergawe. Die Warschau-ghetto was die grootste ghetto wat deur die Nazi's gestig is.

> Klein kindertjies het kossmokkelaars geword. 'n Moeder sou 'n kind 'n trouring of enigiets van waarde gee en die kind sou deur 'n klein gaatjie in die muur kruip en die ring vir 'n brood of 'n bietjie aartappels verruil. Soms is die kinders gevang en geskiet. Elke dag kon jy die klein liggaampies by die gate in die muur sien uithang of in bloedplasse op die grond lê.
>
> Jode is gedurig bymekaar gemaak en na slawe-arbeidskampe gestuur vanwaar hulle nooit teruggekeer het nie. Die ghetto het kleiner en kleiner geword, en so ook my familie. Ek het familielede verloor, een vir een, een-en-twintig mense – my ouers, my broers en susters, hulle wederhelftes en agt niggies en neefs.
>
> Ek het gaan wegkruip. Ons is saamgedruk in 'n klein keldertjie. Een nag gedurende die opstand het ons gevoel hoe die stene warm word. Ons het begin versmoor. Die Nazi's het al die geboue aan die brand gesteek en die hele ghetto was in vlamme. Mense het in alle rigtings gehardloop; sommige het by die vensters uitgespring – hulle klere was aan die brand, hulle vel was geskroei...

Kopiereg voorbehou 

**BRON 5E**

Dit is 'n foto van 'n bedelaar in die Warschau-ghetto.



**VRAAG 6: INTERNASIONALE VERHOUDINGE EN GEBEURTENISSE 1945 - 1970: DIE KOUE OORLOG**

**6.1 HOE HET DIE BOU VAN DIE BERLYNSE MUUR DIE MENSE VAN BERLYN BEÏNVLOED?**

**BRON 6A**

Gedurende die nag van 12-13 Augustus 1961 het die Oos-Duitse regering, met die ondersteuning van die USSR, die Berlynse Muur begin bou. Die tydskrif, *The Economist,* gedateer 19 Augustus 1961, beskryf die situasie ses dae na die eerste tydelike muur gebou is.

> Omtrent twee-uur verlede Sondagoggend het 'n sterk Oos-Duitse paramilitêre mag by die sektorgrenslyn tussen Oos- en Wes-Berlyn aangekom. Toe Berlyn wakker word, was die sektorgrens effektief gesluit en beweging vanaf die oostelike kant is gestop.
>
> Die Oos-Duitse magte...was toegerus met genoeg doringdraad, betonpadblokke en uitgrawingstoerusting om die grens heeltemal af te sluit en dit het hulle gedoen met die uitsondering van dertien beheerpunte. Gedurende die nag het 'n groot aantal tenks, gepantserde troepedraers en vragmotors wat tuinslange en traangas vervoer het, stelling ingeneem by hierdie en ander sleutelpunte net agter die grenslyn. Baie van die vyf-en-vyftig kilometer van sektorgrenslyn bestaan uit kanale en spoorlyne. Wanneer dit nie so was nie, en huise aan die oostekant die grenslyn gefront het, het polisie die kelders beset of deure toegepleister. Sedert Sondag het 'n aantal dapper siele die nuushooftrekke gehaal deur in die nag deur kanale te swem of deur draad te kruip, maar hulle is slegs 'n paar honderd al te saam en elke dag raak die versperring meer uitgebreid.

**BRON 6B**

Hierdie uittreksel hou verband met die siening van die Oos-Duitse regering oor waarom die Berlynse Muur gebou is.

**Dit is die amptelike siening van die Kommunis-beheerde Oos-Duitse regering in 1961 oor waarom die muur gebou is:**

In geen ander deel van die wêreld is daar soveel buitelandse spioene te vind as in Wes-Berlyn nie. Nêrens anders kan hulle met soveel vryheid optree nie. Hierdie spioene smokkel agente in die DDR [Duitse Demokratiese Republiek – die Russiese naam vir Oos-Duitsland] in en wakker sabotasie en betogings aan.

**Op die oggend van 13 Augustus 1961 het die Oos-Duitse Radio (beheer deur die Oos-Duitse regering) uitgesaai dat:**

Maatreëls [die bou van die Berlynse Muur] is getref ...in die belang van vrede in Europa en die veiligheid van die DDR (Oos-Duitsland) en ander Sosialistiese state.

**BRON 6C**

In die volgende uittreksel is die sienings wat deur President JF Kennedy van die VSA voor en na die bou van die Berlynse Muur gehuldig is.

**In 1961 het President JF Kennedy sy siening oor Berlyn en die redes hoekom die Westerse Magte nie sou afstand doen van hulle houding oor Wes-Berlyn nie, wat deur Oos-Duitsland omring is, verduidelik:**

[Berlyn] is meer as 'n vertoonstuk van vryheid, 'n simbool, 'n eiland van vryheid in 'n Kommunistiese see. Dit is selfs meer as 'n skakel met die vrye wêreld, 'n baken van hoop agter die Ystergordyn, 'n ontsnappingsroete vir vlugtelinge...bo alles het dit, soos nooit tevore nie, 'n groot toetsterrein vir Westerse moed en wilskrag geword.

**In 'n beroemde toespraak gee President Kennedy van die VSA in 1962 'n ander mening omtrent die bou van die muur:**

Demokrasie is nie perfek nie...Maar ons hoef nog nooit mure te gebou het om ons mense binne te hou nie.

Kopiereg voorbehou 


**BRON 6D**

Hierdie is twee foto's van Duitse werkers wat die Berlynse Muur bou terwyl soldate die grens bewaak.

**Foto A**



**Foto B**




**BRON 6E**

Dit is 'n foto van 'n man wat langs die Berlynse Muur aan die kant van Wes-Berlyn loop. Verskeie versperrings van draadheinings, betonmure, beton-anti-voertuigslote, mynvelde en stukke oop grond aan Oos-Berlyn se kant vorm die grens.




**BRON 6F**

Die verlies aan arbeid het gedreig om die Oos-Duitse ekonomie in 1961 te verswak. Geskoolde en ongeskoolde werkers het oorgeloop na die Weste via Wes-Berlyn. Die stroom van vlugtelinge was tot Augustus 1961 bestendig. Hierdie grafiek toon die aantal oorlopers (in duisende op die vertikale as) van Oos- na Wes-Duitsland vanaf 1949 tot 1961 (op die horisontale as) aan.



**BRON 6G**

Dit is 'n foto van 'n Oos-Duitse ontsnapper wat 'n slagoffer van wagte in Augustus 1962 geword het.



Behalwe in gevalle waar spesifiek aangedui is, is alle materiaal in hierdie addendum vertalings van oorspronklike bronnemateriaal uit Engels.

## ERKENNINGS

Uittreksels en visuele bronne wat in hierdie addendum gebruik is, kom onder andere uit die volgende publikasies:

Bottaro, J. and Visser, P. 1999 *In Search of History Grade 12,* Cape Town: Oxford
Brockman, J. 1986 *Italy and Mussolini*, New York: Longman
Boyce, A.N. 1974 *Europe and South Africa Part 2 A History for Std 10,* Cape Town: Juta
Condon, C. 1994 *The Making of the Modern World,* Melbourne: Macmillan
Craig, G.A. 1972 *Europe since 1914*, USA The Dryden Press
Culpin, C. 1998 *GCSE Modern World History,* London: Collins Educational
Desmond, G. 1968 *Mussolini and Fascist Era*, Great Britain: Cox & Wyman
Downing, T. & Isaacs, J. 1998 *Cold War,* London: Batam Press
Engelmann, B. 1988 *Hitler's Germany* Place and publisher unknown
Hargreaves, J.D. 1988 *Decolonization in Africa*, London: Publisher unknown
Heater, D. 1992 *Our world this century*, Oxford: Oxford
Hodgkin, T. 1957 *Nationalism in Colonial Africa,* New York: University Press
Hills, K. 1991 *Take Ten Years 1940*, London: Evans Brothers Ltd
Lancaster, T. & S. 1994 *The era of the Second World War,* London: Causeway Press Ltd
Leeds, C. 1972 *Italy and Mussolini,* London: Wayland Publishers
O'Callaghan, B. 1996 *A History of the Twentieth Century*, New York: Longman
Pape, J. et al 1998 *Making History Grade 12*, London: Heineman Publishers
Patrick, J. & Buzan, T. 1997 *GCSE Modern World History,* London: Hodder & Stoughton
Pearson, E. 1975 *Hitler's Reich*, London: Harrop & Co. Ltd.
Prockter, R. 1970 *Nazi Germany,* London: The Bodley Head Publishers
Sauvain, P. 1997 *Germany in the Twentieth Century,* Stanley: Thornes
Scott, J. 1989 *The World Since 1914,* Oxford: Heineman
Seleti, Y. (ed.) 1999 *Looking into the Past Grade 12*, Cape Town: Maskew Miller Longman (Pty) Ltd
Sellman, R.R. 1970 *An Outline Atlas of World History,* London: Edward Arnold Publishers
Silbert, M. 1999 *Holocaust Resource Book.* Cape Town: Cape Town Holocaust Centre
Silbert, M. & Wray,D. 2004 *The Holocaust: Lessons for humanity.* Claremont: New Africa Books (Pty) Ltd
Speed, P. & M. 1986 *The Modern World,* Somerset: Oxford
Tordoff, W. 1984 *Government and Politics in Africa,*London: Macmillan Press Ltd
Walsh, B. 1996 *Modern World History,* London: John Murray Publishers Ltd
Wilson, D.A. (n.d) *Peoples, Revolutions, and Nations,* No place: Evan

*Kopiereg voorbehou*

# GESKIEDENIS V2 : ALGEMENE GESKIEDENIS

## ADDENDUM

## STANDAARDGRAAD

## FEBRUARIE/MAART 2006

## 503-2/2 A

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 4: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU

### 4.1 WAT WAS DIE OMSTANDIGHEDE WAT TOT DIE VORMING VAN DIE ORGANISASIE VAN AFRIKA-EENHEID (OAE) GELEI HET?

**BRON 4A**

Dit is 'n uittreksel uit *Modern Africa – A Social and Political History*, 1983, wat verduidelik hoe die sameroeping van konferensies uiteindelik tot die stigting van die OAE gelei het.

Hierdie konferensies het in 1958 onder die leierskap van Kwame Nkrumah en onafhanklike Ghana begin. Hulle het twee doelstellings gehad: om die anti-koloniale stryd in elke deel van die vasteland te ondersteun en om die idees oor Pan-Afrikaanse eenheid te versterk.

Die eerste konferensie wat deur Nkrumah georganiseer is, was 'n vergadering in Akkra, in 1958, tussen die agt state wat toe onafhanklik was: Egipte (Verenigde Arabiese Republiek: VAR), Ethiopië, Ghana, Liberië, Libië, Morokko, Soedan, Tunisië. 'Vir die eerste keer in die moderne wêreld,' het die Pan-Afrikanistiese historikus, V Bakpetu Thompson, in sy boek *Africa and Unity* geskryf, 'het leiers van onafhanklike Afrika-state ontmoet om gemeenskaplike probleme te bespreek, om gemeenskaplike beleid rakende politieke, ekonomiese, kulturele en maatskaplike sake op te stel.'

'n Tweede Akkra-konferensie het in Desember 1958 gevolg. Dit was 'n vergadering nie van regerings nie, maar van nasionalistiese partye. Afgevaardigdes het van alle dele van Afrika gekom, óf hulle onafhanklik was óf nie, behalwe van Frans-Afrika en Noord-Nigerië. 'n All-African People's Organisation (AAPO) is met sy hoofkwartier in Akkra gestig. Dit het na algehele Afrika-bevryding en stappe tot 'n uiteindelike Gemenebes van Vry Afrika-state gestreef. Anti-koloniaal en anti-rassisties, was die AAPO 'n kanaal waardeur die ou idees van Pan-Afrika eenheid in nuwe vorme en met nuwe krag kon ontwikkel.

Ander AAPO-konferensies is in Tunisië in 1960 en in Kaïro in 1961 gehou. 'n All-African Trade Union Organisation is gestig.

**BRON 4B**

Dit is 'n uittreksel uit *Modern Africa – A Social and Political History*, 1983, wat die lig laat val op die vorming van die verskillende groeperings wat uiteindelik tot die stigting van die OAE gelei het.

Verskillende groeperings het plaasgevind. Een was die Cassablanca Groep wat in Januarie 1961 deur die staatshoofde van Egipte, Ghana, Guinee, Mali en Morokko gestig is, saam met die verteenwoordigers uit Libië en die voorlopige onafhanklike regering van Algerië (wat eers in 1962 onafhanklik sou wees). Hulle wou algemene aksie aanspoor om die patriotiese nasionaliste in die Kongo (Zaire) te help teen wegbreek-afskeidings soos dié van Tshombe in Katanga (Shaba-provinsie). Hulle wou snelle vooruitgang na 'n organisasie vir eenheid van die hele Afrika hê.

'n Tweede groepering wat bekend gestaan het as die Monrovia Groep, is in Mei 1961 by 'n vergadering van die leiers van Liberië, Nigerië en Togo gestig.

Hulle was meer konserwatief en was onseker oor 'n vinnige optrede vir vryheid. 'n Derde groepering, die Brazzaville Groep, het by hulle aangesluit. Hierdie groep het bestaan uit verteenwoordigers van die eertydse Franse kolonies wat steeds onder sterk Franse invloed en indirekte beheer was. Oor die algemeen sou die Brazzaville Groep nie meer doen as om net te praat van totale Afrika-eenheid nie.

Hoewel hulle verdeel is deur verskille in opinies, leierskap en persoonlikheid, was die twee groot groepe, naamlik dié van Cassablanca en Monrovia, albei ten gunste daarvan om vir eenheid te werk, terwyl die derde groep, dié van Brazzaville, te swak was om hulle te stuit. 'n Kompromie was moontlik. Uit hierdie kompromie het Organisasie vir Afrika-Eenheid (OAE) na vore getree, 'n groot sukses in die moderne geskiedenis van Afrika.

## 4.2 HOE SUKSESVOL WAS DIE ORGANISASIE VAN AFRIKA-EENHEID (OAE) IN DIE BEREIKING VAN SY DOELSTELLINGS?

### BRON 4C

Dit is 'n uittreksel uit *Government and Politics* deur W Tordoff, 1984. Hy evalueer die prestasies van die OAE.

> Sedert sy ontstaan, het die OAE 'n aantal beskeie suksesse behaal: dit het 'n ontmoetingsterrein vir Afrika-leiers verskaf en op 'n losse basis substreeksorganisasies en VN-agentskappe geborg, soos die Ekonomiese Kommissie vir Afrika (EKA); dit het ook in 'n mate 'n aantal lande probeer gehelp om die koloniale juk af te gooi. Daar was egter ook beduidende mislukkings en talle probleme, waarvan sommige te wyte was aan die Organisasie se lomp struktuur (wat teen vinnige besluitneming ingewerk het), sy wankelrige finansiële basis, die gebrek aan 'n vloedgolf gewilde ondersteuning, en sy geneigdheid om ekonomiese planne te beraam sonder enige realistiese vooruitsig om dit uit te voer. Die OAE het ook onder 'n oormaat politiek gely, soos gedemonstreer is deur die sterk wedywering in die sekretaris-generaal-verkiesings by die spitsberaad wat in Junie 1983 en November 1984 gehou is.

### BRON 4D

Dit is 'n uittreksel uit *Modern Africa – A Social and Political History*, 1983, wat die sukses van die OAE beklemtoon.

> Die nuwe state wat in die OAE bymekaar gekom het, moes 'n paar van die grensgeskille geërf het. Die meeste hiervan is suksesvol deur OAE-diplomasie geskik.
>
> 'n Klein oorloggie het in Oktober 1963 tussen Marokko en Algerië uitgebreek. Dit was as gevolg van 'n grensgebied van Algerië wat deur Marokko geëis is. Deur as bemiddelaar op te tree, het die OAE daarin geslaag om 'n wapenstilstand teweeg te bring, en, in Februarie 1964, 'n vredesooreenkoms. Elke kant het iets daarby gebaat en het ingestem om saam te werk aan die ekonomiese ontwikkeling van mineraalneerslae by Tindouf in Algerië, maar dit het nie daarin geslaag om Marokko tevrede te stel nie. OAE-vredespogings moes voortduur. Dit is in Mei 1970 deur 'n nuwe ooreenkoms met sukses bekroon. Ander geskille van hierdie aard is geskik; en die OAE het homself as 'n waardevolle instrument tot vrede bewys.

Kopiereg voorbehou 

**BRON 4E**

Dit is 'n uittreksel uit *Emergent African States* deur SA Akintoye, 1976, wat op die redes hoekom die OAE beperkte sukses behaal het, fokus.

> Die prestasies van die OAE was so beskeie omdat die hele Pan-Afrika-beweging swaargekry het onder verskeie hindernisse. Eerstens, baie min van die Afrika-lande was gewillig om 'n beduidende deel van hul nuutgewonne soewereiniteit ter wille van die droom van Afrika-eenheid prys te gee. Gevolglik, al het alle Afrika-leiers verklaar dat 'Afrika-eenheid' die doel van Pan-Afrikanisme was, was daar 'n skerp meningsverskil oor die betekenis van die woord. Sommige, soos dr. Nkrumah, het in die vroeë 1960's gepleit dat Afrika-eenheid die politieke unifikasie van Afrika in een staat moes beteken – Verenigde State van Afrika. Die oorgrote meerderheid van die Afrika-leiers het egter volgehou dat Afrikane die bestaande Afrika-lande moes aanvaar soos hulle was; en dat Afrika-eenheid slegs samewerking tussen hierdie lande behoort te beteken.

**BRON 4F**

Dit is 'n uittreksel uit *Emergent African States* deur SA Akintoye, 1976, wat die redes waarom die OAE onsuksesvol was, uitlig.

> Verskille in nasionale benaderings tot probleme was geneig om die OAE op verskillende tye ondoeltreffend te maak. Dit is hoekom, byvoorbeeld, die OAE nie so effektief was soos dit kon wees om die vryheidstryde in Suider-Afrika te help nie. Bowendien is die OAE dikwels deur geskille onder sy lede as gevolg van botsende nasionale belange geruk - geskille tussen Kenia en Somalië, tussen Marokko en Mauritanië, tussen Zaïre en die Republiek van die Kongo, tussen Ethiopië en Somalië, tussen Tanzanië en Uganda. Nie net het sulke geskille die eenheid van die OAE verswak nie; pogings om hulle te besleg het baie van sy energie geverg.

**BRON 4G**

Dit is 'n uittreksel uit 'n artikel van die British Broadcasting Corporation (BBC) omtrent die geskiedenis van die OAE, 1999.

Die OAE is ook gekritiseer omdat hy te min of niks gedoen het om die lewenstandaard van die wêreld se armste kontinent te verbeter nie. Maar soos enige internasionale instelling kan hy net so sterk wees as wat sy lidstate hom toelaat.

Hulle wat daardie state regeer, het jaloers teen inmenging van buite, wat hul oorheersing bedreig, gewaak.

Gevolglik kon die OAE slegs 'n baie beperkte rol speel om Afrika se vele politieke konflikte te beëindig, of selfs te help om Afrika-ekonomieë te integreer.

## VRAAG 5 OMSTANDIGHEDE WAT TOT DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG GELEI HET

### 5.1 HOE IS JODE ONDER DIE NAZI-REGERING INGEPERK?

**BRON 5A**

'n Uittreksel uit die beperkings wat op die Jode afgedwing is

Een groep mense is selfs slegter as Pole of Russe behandel. Hulle was die Jode. In *Mein Kampf,* het Hitler gesê dat die mense 'n enkele vyand nodig het. Hy het die Jode gekies. Van die begin af is die Duitsers aangemoedig om hulle te haat.

Die Nazi's het lank voor die oorlog die lewe vir Duitse Jode moeilik gemaak. Boonop het die SS klante verhoed om by Joodse winkels in te gaan. Jode wat met nie-Joodse meisies uitgegaan het, is konsentrasiekampe toe gestuur.

Die lewe het erger geraak in November 1938 nadat 'n Jood 'n Duitse amptenaar in Parys doodgeskiet het. Die Nazi's het teruggeslaan: Duitse Jode is beboet; hulle kinders is nie toegelaat om skool toe te gaan nie. Die SS het twee aande van geweld teen Joodse winkels en sinagoges gereël. Hulle het dit 'Kristalnag' genoem, omdat daar so baie gebreekte glas was.

Tydens die oorlog het die Jode wat in Europa gewoon het, dieselfde moeilikhede ervaar as dié in Duitsland. En nuwe wette, wat hulle lewe selfs moeiliker gemaak het, is gemaak.

Selfs die Jode se rantsoene was anders: sommige voedselsoorte, soos kersies en koffie, was vir Jode verbode. In die somer van 1941 het 'n gawe besoeker vir een Jodin 'n bietjie koffie aangebied. Die ou dame het 'nee' gesê. Sy was bang dat haar bure dit sou ruik en die polisie sou sê.

Hitler wou nie hê daar moes Jode in enige van die lande wat hy beheer, woon nie. In Pole alleen, was daar 3 miljoen van hulle. Party is gebruik as slawe-arbeid. As hulle nie langer kon werk nie, is hulle gedwing om hulle eie grafte te grawe en is dan daarna geskiet. Die oorblywendes is bymekaar gebring en geforseer om in die ghetto's te woon.

**BRON 5B**

Hierdie prente is visuele voorstellings wat die beperkings wat in die tydperk 1939 -1942 op die Duitse Jode geplaas is, aandui.



## 5.2 WAT WAS DIE STRUIKELBLOKKE WAT DIE JODE IN DIE WARSCHAU-GHETTO IN DIE GESIG GESTAAR HET?

### BRON 5C

Dit is 'n weergawe deur Liliana Zuker-Bujanowska, 'n Jodin, wat in die Warschau-ghetto gewoon het. In 1946 het sy daaroor geskryf.

Elke dag is nuwe wette aangekondig. Een van die ergstes was dat alle Jode, tien jaar en ouer, 'n wit band met 'n blou Dawidster daarop om hul linkerboarm moes dra. Na 'n paar dae het hulle dit na alle Jode uitgebrei. Selfs babas in stootwaentjies moes armbande dra. Die straf as dit nie gedra is nie, was die konsentrasiekamp of die dood.

Toe het die hel begin! Die Duitsers het, soos hulle dit genoem het, 'klopjagte vir die bande' uitgevoer. Hulle het in die strate rondgeloop met groot rubberstokke en enigiemand geslaan – net soos hulle wou, solank as wat hulle die wit band gedra het. Hulle was nou seker wie hulle moes slaan. Bendes jeugdiges het in die strate gehardloop en klippe deur die vensters van winkels gegooi wat aan Jode behoort het. Die Duitsers het jongmense van die straat af uitgesoek en hulle gestuur om in kampe in Duitsland te gaan werk.

(Winter 1940-41): Twee keer 'n dag het elke persoon 'n bakkie waterige sop en 300 gram swartbrood gekry. [Die] huise was broeiplekke vir ingewandskoors en ander siektes. Mense het so swak geword dat hulle sommer net op die sypaadjies gaan lê het en van honger en koue omgekom het. Daar was lyke; soms met papier toegemaak, partykeer half-nakend – iemand het reeds van hulle kledingstukke gesteel. Daar was geen lykshuis nie. Die vullisverwyderaars het die meeste van hierdie lyke opgelaai.

**BRON 5D**

Dit is Ella Blumenthal, 'n Jodin, wat tydens die opstand in die Warschau- ghetto gewoon het, se weergawe. Die Warschau-ghetto was die grootste ghetto wat deur die Nazi's gestig is.

Klein kindertjies het kossmokkelaars geword. 'n Moeder sou 'n kind 'n trouring of enigiets van waarde gee en die kind sou deur 'n klein gaatjie in die muur kruip en die ring vir 'n brood of 'n bietjie aartappels verruil. Soms is die kinders gevang en geskiet. Elke dag kon jy die klein liggaampies by die gate in die muur sien uithang of in bloedplasse op die grond lê.


Jode is gedurig bymekaar gemaak en na slawe-arbeidskampe gestuur vanwaar hulle nooit teruggekeer het nie. Die ghetto het kleiner en kleiner geword, en so ook my familie. Ek het familielede verloor, een vir een, een-en-twintig mense – my ouers, my broers en susters, hulle wederhelftes en agt niggies en neefs.

Ek het gaan wegkruip. Ons is saamgedruk in 'n klein keldertjie. Een nag gedurende die opstand het ons gevoel hoe die stene warm word. Ons het begin versmoor. Die Nazi's het al die geboue aan die brand gesteek en die hele ghetto was in vlamme. Mense het in alle rigtings gehardloop; sommige het by die vensters uitgespring – hulle klere was aan die brand, hulle vel was geskroei...

Kopiereg voorbehou 

**BRON 5E**

Dit is 'n foto van 'n bedelaar in die Warschau-ghetto.



**VRAAG 6: INTERNASIONALE VERHOUDINGE EN GEBEURTENISSE 1945 - 1970: DIE KOUE OORLOG**

**6.1 HOE HET DIE BOU VAN DIE BERLYNSE MUUR DIE MENSE VAN BERLYN BEÏNVLOED?**

**BRON 6A**

Gedurende die nag van 12-13 Augustus 1961 het die Oos-Duitse regering, met die ondersteuning van die USSR, die Berlynse Muur begin bou. Die tydskrif, *The Economist,* gedateer 19 Augustus 1961, beskryf die situasie ses dae na die eerste tydelike muur gebou is.

Omtrent twee-uur verlede Sondagoggend het 'n sterk Oos-Duitse paramilitêre mag by die sektorgrenslyn tussen Oos- en Wes-Berlyn aangekom. Toe Berlyn wakker word, was die sektorgrens effektief gesluit en beweging vanaf die oostelike kant is gestop.

Die Oos-Duitse magte...was toegerus met genoeg doringdraad, betonpadblokke en uitgrawingstoerusting om die grens heeltemal af te sluit en dit het hulle gedoen met die uitsondering van dertien beheerpunte. Gedurende die nag het 'n groot aantal tenks, gepantserde troepedraers en vragmotors wat tuinslange en traangas vervoer het, stelling ingeneem by hierdie en ander sleutelpunte net agter die grenslyn. Baie van die vyf-en-vyftig kilometer van sektorgrenslyn bestaan uit kanale en spoorlyne. Wanneer dit nie so was nie, en huise aan die oostekant die grenslyn gefront het, het polisie die kelders beset of deure toegepleister. Sedert Sondag het 'n aantal dapper siele die nuushooftrekke gehaal deur in die nag deur kanale te swem of deur draad te kruip, maar hulle is slegs 'n paar honderd al te saam en elke dag raak die versperring meer uitgebreid.

**BRON 6B**

Hierdie uittreksel hou verband met die siening van die Oos-Duitse regering oor waarom die Berlynse Muur gebou is.

**Dit is die amptelike siening van die Kommunis-beheerde Oos-Duitse regering in 1961 oor waarom die muur gebou is:**

In geen ander deel van die wêreld is daar soveel buitelandse spioene te vind as in Wes-Berlyn nie. Nêrens anders kan hulle met soveel vryheid optree nie. Hierdie spioene smokkel agente in die DDR [Duitse Demokratiese Republiek – die Russiese naam vir Oos-Duitsland] in en wakker sabotasie en betogings aan.

**Op die oggend van 13 Augustus 1961 het die Oos-Duitse Radio (beheer deur die Oos-Duitse regering) uitgesaai dat:**

Maatreëls [die bou van die Berlynse Muur] is getref ...in die belang van vrede in Europa en die veiligheid van die DDR (Oos-Duitsland) en ander Sosialistiese state.

**BRON 6C**

In die volgende uittreksel is die sienings wat deur President JF Kennedy van die VSA voor en na die bou van die Berlynse Muur gehuldig is.

**In 1961 het President JF Kennedy sy siening oor Berlyn en die redes hoekom die Westerse Magte nie sou afstand doen van hulle houding oor Wes-Berlyn nie, wat deur Oos-Duitsland omring is, verduidelik:**

[Berlyn] is meer as 'n vertoonstuk van vryheid, 'n simbool, 'n eiland van vryheid in 'n Kommunistiese see. Dit is selfs meer as 'n skakel met die vrye wêreld, 'n baken van hoop agter die Ystergordyn, 'n ontsnappingsroete vir vlugtelinge...bo alles het dit, soos nooit tevore nie, 'n groot toetsterrein vir Westerse moed en wilskrag geword.

**In 'n beroemde toespraak gee President Kennedy van die VSA in 1962 'n ander mening omtrent die bou van die muur:**

Demokrasie is nie perfek nie...Maar ons hoef nog nooit mure te gebou het om ons mense binne te hou nie.

Kopiereg voorbehou 


**BRON 6D**

Hierdie is twee foto's van Duitse werkers wat die Berlynse Muur bou terwyl soldate die grens bewaak.

**Foto A**



**Foto B**




**BRON 6E**

Dit is 'n foto van 'n man wat langs die Berlynse Muur aan die kant van Wes-Berlyn loop. Verskeie versperrings van draadheinings, betonmure, beton-anti-voertuigslote, mynvelde en stukke oop grond aan Oos-Berlyn se kant vorm die grens.




**BRON 6F**

Die verlies aan arbeid het gedreig om die Oos-Duitse ekonomie in 1961 te verswak. Geskoolde en ongeskoolde werkers het oorgeloop na die Weste via Wes-Berlyn. Die stroom van vlugtelinge was tot Augustus 1961 bestendig. Hierdie grafiek toon die aantal oorlopers (in duisende op die vertikale as) van Oos- na Wes-Duitsland vanaf 1949 tot 1961 (op die horisontale as) aan.



## BRON 6G

Dit is 'n foto van 'n Oos-Duitse ontsnapper wat 'n slagoffer van wagte in Augustus 1962 geword het.



Behalwe in gevalle waar spesifiek aangedui is, is alle materiaal in hierdie addendum vertalings van oorspronklike bronnemateriaal uit Engels.

## ERKENNINGS

Uittreksels en visuele bronne wat in hierdie addendum gebruik is, kom onder andere uit die volgende publikasies:

Bottaro, J. and Visser, P. 1999 *In Search of History Grade 12,* Cape Town: Oxford
Brockman, J. 1986 *Italy and Mussolini*, New York: Longman
Boyce, A.N. 1974 *Europe and South Africa Part 2 A History for Std 10,* Cape Town: Juta
Condon, C. 1994 *The Making of the Modern World,* Melbourne: Macmillan
Craig, G.A. 1972 *Europe since 1914*, USA The Dryden Press
Culpin, C. 1998 *GCSE Modern World History,* London: Collins Educational
Desmond, G. 1968 *Mussolini and Fascist Era*, Great Britain: Cox & Wyman
Downing, T. & Isaacs, J. 1998 *Cold War,* London: Batam Press
Engelmann, B. 1988 *Hitler's Germany* Place and publisher unknown
Hargreaves, J.D. 1988 *Decolonization in Africa*, London: Publisher unknown
Heater, D. 1992 *Our world this century*, Oxford: Oxford
Hodgkin, T. 1957 *Nationalism in Colonial Africa,* New York: University Press
Hills, K. 1991 *Take Ten Years 1940*, London: Evans Brothers Ltd
Lancaster, T. & S. 1994 *The era of the Second World War,* London: Causeway Press Ltd
Leeds, C. 1972 *Italy and Mussolini,* London: Wayland Publishers
O'Callaghan, B. 1996 *A History of the Twentieth Century*, New York: Longman
Pape, J. et al 1998 *Making History Grade 12*, London: Heineman Publishers
Patrick, J. & Buzan, T. 1997 *GCSE Modern World History,* London: Hodder & Stoughton
Pearson, E. 1975 *Hitler's Reich*, London: Harrop & Co. Ltd.
Prockter, R. 1970 *Nazi Germany,* London: The Bodley Head Publishers
Sauvain, P. 1997 *Germany in the Twentieth Century,* Stanley: Thornes
Scott, J. 1989 *The World Since 1914,* Oxford: Heineman
Seleti, Y. (ed.) 1999 *Looking into the Past Grade 12*, Cape Town: Maskew Miller Longman (Pty) Ltd
Sellman, R.R. 1970 *An Outline Atlas of World History,* London: Edward Arnold Publishers
Silbert, M. 1999 *Holocaust Resource Book.* Cape Town: Cape Town Holocaust Centre
Silbert, M. & Wray,D. 2004 *The Holocaust: Lessons for humanity.* Claremont: New Africa Books (Pty) Ltd
Speed, P. & M. 1986 *The Modern World,* Somerset: Oxford
Tordoff, W. 1984 *Government and Politics in Africa,*London: Macmillan Press Ltd
Walsh, B. 1996 *Modern World History,* London: John Murray Publishers Ltd
Wilson, D.A. (n.d) *Peoples, Revolutions, and Nations,* No place: Evan

*Kopiereg voorbehou*